Sake Beeld – 19 Mei 2015

# Astral Foods lek steeds sy vingers af vir Afrika

**Vida Booysen**

Die pluimvee- en voerprodusent Astral Foods het nog nie sy aptyt vir die Afrika-mark verloor nie, ondanks die dwarsklap wat hy van die swak wisselkoerse in Zambië en Mosambiek gekry het.

"Die maatskappy is steeds in gesprekke oor moontlike verdere verkrygings in Afrika, maar hy hou die risiko's van belegging in Afrika in gedagte, soos die uitwerking van die wisselkoers wat die helfte van jou Afrika-wins oornag kan laat verdwyn," sê Chris Schutte, uitvoerende hoof van Astral.

Die maatskappy het Maandag sy tussentydse resultate vir die ses maande tot einde Maart bekend gemaak.

In dié tydperk het sy inkomste met 22% tot R5,8 miljard gestyg en sy bedryfswins met 158% tot R550 miljoen. Die wesensverdienste per aandeel is 158% hoër op R10,01.

'n Tussentydse dividend van R5,75 per aandeel word uitgekeer – 188% meer as in Maart verlede jaar.

Bedrywighede in die res van Afrika is egter negatief geraak deur wisselkoersveranderinge wat insetkoste in Zambië en Mosambiek skerp laat styg het. Dié inkomste het met 3% tot R256,3 miljoen gestyg.

Binnelands verwag die maatskappy nie om verdere verkrygings buite sy geografiese gebied te doen nie en Schutte sê Astral is ook naby aan die grens waar die Mededingingskommissie hom as "te oorheersend" sal beskou.

"Ons kyk wel daarna om geld te belê in groter doeltreffendheid van bestaande aanlegte en toerusting."

Schutte skryf Astral se stewige vertoning onder meer toe aan beter verkope wat verkry is danksy die inlywing van Tydstroom in die Wes-Kaap by Astral.

Die Standerton-voeraanleg is ook in die halfjaar by die groep ingelyf.

Die groep se winsgrens het van 4,5% tot 9,6% verbeter.

Die pluimvee-afdeling se verkope het met 12,8% gestyg en die inkomste met 36% tot R4,5 miljard. Voerpryse het met 2,3% gedaal, wat die afdeling se wins amper agtvoudig laat styg het tot R350,9 miljoen.

Die voerafdeling het 17,2% meer verkoop en sy wins het met 18% tot R185,7 miljoen gestyg.

Schutte sê die hoë werkloosheidskoers beteken dat die per capita-verbruik van hoenderprodukte nie veel styg nie. Die droogte in Noordwes en die Vrystaat die afgelope somer gaan mieliepryse en gevolglik voerpryse na verwagting oor die volgende halfjaar laat styg. Lae sojapryse vergoed deels hiervoor. Soja en mielies is die hoofbestanddele van tipiese pluimveevoer.

Schutte sê as Suid-Afrika instem tot 'n kwota hoender wat tariefvry van die VSA ingevoer mag word, sal dit waarskynlik 'n negatiewe uitwerking op plaaslike produsente hê. Die invoertariewe wat Suid-Afrika op Amerikaanse hoender hef, is die afgelope jaar 'n twispunt wat Suid-Afrika se insluiting by die wet op groei en geleenthede in Afrika (Agoa) in gedrang gebring het.

"Die hoenderbedryf skiet homself in die voet om Agoa te red; trouens, ons trek seker nou al by die heup, en dit sal werkverliese nie net in ons bedryf nie maar ook in verwante bedrywe, soos primêre landbou en verpakking, beteken."